

Die Afrikaanse Bybel vir Doves breek deur die klankgrens

Die Afrikaanse Bybel vir Doves, 2007, Uitgewer: Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, Prys: R38 (vir mense met spesiale behoeftes), 2038 pp., ISBN: 978-0-79821519-0 en Die Afrikaanse Bybel vir Almal (op 25 Augustus 2008 beskikbaar teen R54).

In 2008 het die Afrikaanse Bybel vir Doves deur die klankgrens gebreek vir die Afrikaanse dowe gemeenskap. Die Afrikaanse Bybel vir Doves het op 3 Februarie 2008 in Worcester en Bloemfontein die lig gesien, gevolg deur 'n geleentheid in Johannesburg op 10 Februarie 2008. Dit het die kroon gespan op 'n projek waarmee die Bybelgenootskap reeds in 1997 begin het om aan die spesifieke behoeftes van dowses te voorsien. Dié heuglike gebeurtenis val saam met die feesjaar van die 75ste bestaansjaar van die Afrikaanse Bybel. Boonop is dit die eerste Bybel vir dowses ter wêreld wat deur 'n Bybelgenootskap uitgegee is en die tweede ter wêreld wat spesiaal vir dowses geskep is. Aanvanklik is die dele van die Bybel stapsgewys vertaal en uitgegee en het die boek Psalms, as die laaste vertaling, in 2005 verskyn.

Toe ds. Gerrie van Dyk, Vrystaatse Streekhoof van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika die Afrikaanse Bybel vir Doves met sy hemelblou agtergrond en wit wolke vir my aangee, het sy woorde profeties in die lug gehang: “Hou hierdie publikasie dop! Hierdie Bybel is so uniek, dat die oplaag vinnig uitverkoop het en die aanvraag selfs onder die gewone publiek, groot is. Ek sal nie verbaas wees as hierdie publikasie 'n prys lossaan nie!”

Die vertalers van dié besonderse publikasie, was proff. J.P. Oberholzer (voorsitter), D.F. Tolmie, H.C. van Zyl, (laasgenoemde twee beide van Bloemfontein), C.H.J. van der Merwe, H.J.B. Combrink, dr. R.P. Hough en mej. E. Roux. Hierdie Bybel, wat direk uit die Hebreeuse en Griekse grondtekste van die Bybel vertaal is, is eintlik bedoel vir doofgeborenes en vir diegene wat kommunikeer deur middel van Gebaretaal. In Suid-Afrika word die getal dowses gereken op ongeveer 12 000 mense. Gevolglik is die vertaling in doofgerigte Afrikaans, aangesien doofgeborenes spesifieke taal- en leesbehoefte het en van 'n beperkte en eenvoudige taalgebruik en woordeskat gebruik maak; anders as horendes wat gesproke taal deur verbale kommunikasie en nabootsing aanleer (dink maar aan die fases van kindertaalverwerwing). Nuttige voetnote met verduidelikings – 'n hele 17 869 daarvan – is ingespan waar dit moeilik was om woorde of begrippe in die grondtekste te vervang. 'n Asterisk (*) by 'n woord is 'n aanduiding vir die Bybelleser dat hy die voetnoot onderaan die bladsy vir beter begrip moet raadpleeg. Dit word verder gekomplementeer deur 'n uitgebreide woordelys agterin die Bybel wat ook die moeilike begrippe verhelder. Daar is verder gepoog om styl en strukturelemente, sowel as metafore en beelde, behoue te laat bly, terwyl ekwivalente betekenis van die bronteks, letterkundige gehalte en verstaanbaarheid deurentyd 'n prioriteit was.

Die Bybel vir dowses beslaan 'n hele 2 038 bladsye met 74 illustrasies (sommiges daarvan deur 'n dowe kunstenaar, Karen le Roux). Dit sluit vier nuttige kaarte in wat die Bybelgebruiker oriënteer ten opsigte van die lande, seë, riviere en stede van die Ou- en Nuwe Testament(e) onderskeidelik en dan ook Palestina in die tyd van die Ou- en Nuwe Testament.

As daar bv. na Gen 1:1 gekyk word, is dit alreeds heel vroeg in die Bybel duidelik waar verwarring vir doofgeborenes, wat voorheen horendes se Bybels moes gebruik, ingesluit het. In die 1983-vertaling lees ons dat God die hemel en die aarde geskep het. Vir dowses is die woord “skep” slegs 'n handeling waar water of vloeistof opgeskep word. In die Bybel vir Doves is die probleem opgelos deur 'n eenvoudige verstellinkie na: “Alles het begin toe God die hemel en die aarde gemaak het.” Dieselfde

soort verwarring kan ook voorkom by begrippe soos “vier” in “Israel vier fees”, waar die syfer “vier” verkeerdelik verstaan kan word en ’n konsep soos: “Die rivier loop...” waar daar onbegrip kan wees vir die personifikasie van die (dooie) rivier waaraan menslike handelingseienskappe toegedig word. In Gen 4:6 vra die Here aan Kain: “Waarom is jy kwaad? Waarom is jy bedruk?” (1983-vertaling). In die Bybel vir Doves word verwarring met die begrip “bedruk” uit die weg geruim met die reguit bewoording: “Hoekom is jy kwaad en hoekom is jou mond dik?”

Die eerste druk van dié interessante en gebruikersvriendelike Bybelvertaling het alle verwagtinge oortref deur letterlik van die rakke af te vlieg en die aanvanklike oplaag van 4000 Bybeleksempelare (wat deur Amity Printing Company in China gedruk is) is in ’n skrale twee maande uitverkoop! Dit het aan die lig gekom dat baie lede van die algemene publiek ook die Afrikaanse Bybel vir Doves vanweë die ondubbelsinnige skryfstyl begin aankoop het. ’n Ander plan moes beraam word, aangesien die vervaardigingsproses van een so ’n Bybel in die omgewing van R1000 is en vir ’n skamele R38 aan mense met spesiale behoeftes, soos doves, verkoop word. Daar is toe besluit om ’n alternatiewe publikasie, *Die Afrikaanse Bybel vir Almal* met dieselfde inhoud daar te stel wat teen die prys van ’n Standaardbybel aan die algemene publiek beskikbaar gestel kan word. Hierdie Bybel (met ’n nuwe voorblad) sal op 25 Augustus teen R54 by toonaangewende boekwinkels beskikbaar wees, terwyl die *Afrikaanse Bybel vir Doves* eersdaags weer teen R38 vir doves beskikbaar sal wees as die nuwe oplaag in die land arriveer. Die Bybel kan ook regstreeks van die Bybelgenootskap by 0861242542 bestel word.

’n Verdere verwikkeling wat uit dié projek voortspruit, is dat daar moontlik in die nabye toekoms ’n Bybel in Gebaretaal (wat op video opgeneem is) oor die verhalende gedeeltes in die Bybel in die vooruitsig gestel word. Australië werk ook tans aan ’n soortgelyke projek. Met die saamstel van die *Afrikaanse Bybel vir Doves* is daar voorwaar op internasionaal-mededingende vlak baanbrekerswerk gedoen – en dit in Afrikaans! ’n Publikasie wat ongetwyfeld vir ’n prys oorweeg behoort te word – en vir dowe Christene, uiteraard, goud werd is...

Corlietha Swart

(Taalkundedosent: Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans, Universiteit van die Vrystaat)